

# Die Voordele Van Kruipvoeding Vir Suiwel Kalwers

(Geskrif deur: Steyn Pretorius, Diervoedingskundige, Wesfed voere) Mei 2014

**V**ers kalwers is die toekomstige melk koeie van 'n suiwel boerdery. Daarom is dit uiters belangrik om die regte bestuur en voedingspraktyke toe te pas as dit kom by jong diere. Kruip voeding hou verskeie voordele in as dit saam met melk en melk vervangers gevoer word.

## Hoekom is kruipvoeding belangrik?

Na parturisie is die rumen van 'n kalf nog nie ten volle ontwikkel nie en besit die kalf nog nie die vermoë om kragvoer of ruvoer te verteer nie. Die kalf is so te sê monogastries totdat die rumen ontwikkel. Al het die kalf reeds 4 pense word die rumen uitgesluit en voeding stowwe word verteer in die melkpens (abomasum). Die retikulêre groef vorm 'n kanaal vanuit die slukderm na die melkpens. Die groef sal minder effektief word soos die rumen ontwikkel.

In jong kalwers beslaan die rumen ongeveer 25% van die totale pens kapasiteit teenoor 80% in die volwasse herkouer. Die melkpens beslaan uit 60% in die jong kalf en 8 persent in die volwasse herkouer.

Daar is twee uiters belangrike aspekte van 'n kalf se ontwikkeling. Die eerste is die inname van kolostrum wat passiewe immuniteit aan die kalf voorsien en die tweede is die oorgangs fase van 'n monogastriese dier tot 'n goed ontwikkelde ruminant.

Hoe vroeër die kalf droë voer inneem hoe vroeër kan die rumen ontwikkel. Hoe vinniger die rumen ontwikkel hoe vroeër kan die kalf gespeen word. Navorsing wys dat 'n kalf reeds 2 weke na geboorte die vermoë besit om te herkou as hulle vanaf geboorte reeds toegang het tot goeie kwaliteit droë voer.

Kalwers kan suksesvol gespeen word as droë materiaal inname bo 500 g DM per dag is. Met goeie kwaliteit kruipvoeding kan 'n kalf so vroeg as 30 dae na geboorte gespeen word.

Verskeie kruipvoere bevat medikamente om te help met die gesonde ontwikkeling van die kalf se spysverteringskanaal. Koksidiostate is een voorbeeld. Die gebruik van 'n koksidiostaat voorkom koksidiöse wat verskeie verterings probleme in kalwers kan veroorsaak. Koksidiöse beskadig die derm kanaal en belemmer ontwikkeling. Die beskadiging van die derm kanaal wat verteerbaarheid verminder en kan lei tot diarree en verlaagde aptyt. Sekere koksidiostate kan ook as ionofore dien wat voer omset verbeter en lei na 'n verhoogde GDT.


## Samevatting

Die voordele van kruipvoer:

- Kalf word vinniger gewoond gemaak aan droë voer
- Bevorder ontwikkeling van die rumen
- Kalwers kan vroer gespeen word en so ook vroeër as vervangings verse dien.

- Kalwers bereik hoer speen gewigte.
- Die byvoeging van Koksidiostate in kruipvoer help met die ontwikkeling van 'n gesonde spysverterings kanaal.
- Die gebruik van hoë verteerbare energie en proteïen bronne verhoog die voer omset vermoë en groei van die kalf.
- Vergemaklik die aanpassing van veselryke voer na speen
- Die effekte van speen skok word drasties verminder.

### **Wesfed Voorstel**

Wesfed voere verskaf 'n kalf kruipvoer pil wat slegs die hoogste kwaliteit produkte bevat. Dit bevat ook 'n koksidiostaat en kan ad lib voorsien word vir kalwers vanaf die eerste dag na geboorte tot 3 maande ouderdom. Kalwers kan gespeen word sodra 'n inname van 500-700g inname per dag waargeneem word. 



Email: [steyn@wesfed.co.za](mailto:steyn@wesfed.co.za)

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 444 2062

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310